# SARS verbind tot hoër inkomsteskatting

**26 Oktober 2022 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) verwelkom die konsekwente beklemtoning deur die minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana, op die versekering dat regeringsfinansies op 'n onpartydige, doeltreffende en buigsame wyse spandeer word om Suid-Afrika se ontwikkelingsdoelwitte te ondersteun.

Die minister se beleidsboodskap het gefokus op die versterking van Suid-Afrika se fiskale integriteit oor die mediumtermyn deur die land se finansies met omsigtigheid te bestuur. Die werk van SARS is sentraal omdat doeltreffende belastinginkomste-invordering bydra tot die vereiste fiskale ruimte om aandag te skenk aan die belangrike maatskaplike en beleggingsbestedingprioriteite, terwyl 'n oog gehou word op skulddienstekostes.

Met die lewering van die mediumtermynbegrotingbeleidsrede (MTBBR) in die parlement vandag, het die minister van finansies die inkomste-invorderingskatting, wat SARS moet invorder, verhoog van R1 598 miljard na R1 682 miljard. SARS verskaf nagenoeg 90% van alle regeringsinkomste, wat hierdie verhoging in inkomste, wat SARS moet invorder, noemenswaardig maak.

"As SARS, aanvaar ons die uitdaging van die hersiene hoër inkomsteskatting. Hoewel die hersiene inkomsteskatting styl is, is ons daartoe verbind om op te tree volgens wat wetlik toelaatbaar is om hierdie uitdaging te haal", het SARS-kommissaris Edward Kieswetter gesê.

Hy het bygevoeg dat: "Die herbou van SARS ooglopend is in die verbeterde inkomste-invordering. Ons lê 'n sterk fondasie vir hierdie nuwe omgewing wat die samestelling is van data-gedrewe insigte, die instaatstelling van inligting- en tegnologie-infrastrukture en die indiensneming van vaardige personeel, wat alles onontbeerlik is vir die sukses van hierdie moderniseringsreis. Ons is verbind daartoe om kriminele en onwettige aktiwiteite teen te werk. SARS het grootliks die Nugent-kommissie se aanbevelings geïmplementeer, terwyl uitstaande aanbevelings tans in lyn gebring word met die aanbevelings deur die Zondo-kommissie oor staatskaping."

SARS vier hierdie jaar sy silwerjubileum nadat dit op 1 Oktober 1997 gestig is ingevolge die Wet op die Suid-Afrikaanse Inkomstediens. Die wetgewing het die organisasie 'n duidelike mandaat gegee om alle verskuldige inkomste in te vorder, om optimale nakoming deur belastingpligtiges te verseker en om handeldryf te fasiliteer, asook die die ekonomie, ons samelewing en ons grense te beskerm. Sedert sy stigting 25 jaar gelede, het SARS meer as R18 triljoen vir die land se maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling ingevorder.

Bruto belastinginkomste sal na verwagting die skattings, wat met die 2022-begrotingsrede voorgelê is, met R83.5 miljard in 2022/23 oorskry, waarvan maatskappye inkomstebelasting

na verwagting R62.8 miljard sal beslaan. Sterker persoonlike inkomstebelastinginvordering sal na verwagting 'n bykomende R 8.2 miljard inbring, relatief tot die 2022-begrotingshersieningsraming.

Nagevolg van 'n soliede begin tot die jaar, toe Suid-Afrikaanse werklike BBP-groei die mees optimistiese verwagtinge oortref het, gedryf deur mynbou- en vervaardigingsaktiwiteite in kwartaal 1 van 2022, het die ekonomie terugslae beleef in die tweede kwartaal van 2022 oor plaaslike en buitelandse ekonomiese faktore soos die Rusland-Oekraïene-konflik, vloede in KwaZulu-Natal en ander streke, asook arbeidsdispute.

Suid-Afrika se BBP sal na verwagting groei met 1.9% in 2022, van 4.9% in 2021, met 2023 wat na verwagting verder sal val tot 1.1%. Inkomste-invorderings, soos op 30 September 2022, het R784.8 miljard beloop, wat 'n groei van R 64.7 miljard oplewer teenoor die vorige jaar se invordering van R751.0 miljard. Alle invorderings teenoor die vorige jaar toon 'n opwaartse neiging, behalwe die brandstofheffing wat 'n krimping van R 9.1 miljard (-20.9%) toon. Die jaar-tot-op-datum groei is gedeeltelik verreken deur die totale terugbetalings wat uitbetaal is, wat R 32.5 miljard (20.9%) hoër is as die vorige jaar, met BTW-terugbetalings wat R 26.2 miljard (21.0%) hoër was in die eerste helfte van die jaar.

Met die begroting in Februarie 2022, is dit verwag dat inkomstes met 3.3% sal groei (R1 547 miljard tot R1 598 miljard). SARS volhard in die verbetering van doeltreffendheid in belastinginkomste-administrasie deur doelgerigte strategiese nakoming en afdwingingsingrypings om hoër belastingpligtige-nakomingsverhoudings te behaal.

Mnr. Kieswetter het bygevoeg dat: "Hoewel die prestering van die ekonomie belangrik is vir inkomste-invordering, het SARS se inisiatiewe die negatiewe impak van die plaaslike en buitelandse ekonomie teëgewig.

SARS se nakomingspogings het 12% bygedra tot die netto inkomste wat ingevorder is. Dit is ingevolge ons inkomstebestuursfilosofie wat gelei het tot 'n bykomende R 92.5 miljard tot die totale inkomste van R784 miljard wat tot op datum ingevorder is. Ingesluit by die nakomingspogings, is areas wat verband hou met skuldkontantinvorderings, wat ontoelaatbare en bedrieglike terugbetalings-eise rem, vrywillige blootleggingsbestuur, sindikaatbelasting en doeanemisdaad teenwerk, asook waardebepaling van bedrog en doeanebeslagleggings."

Om die punt te illustreer, het die kommissaris gesê dat SARS se administratiewe pogings, wat in hierdie finansiële jaar onderneem is om nakomingsinkomste te dryf, sluit in:

- 831 797 skuldsake en 186 691 finale aanmanings uitgereik en suksesvol nagestreef, wat gelei het tot R 35.2 miljard se invordering.

- SARS het R 28 miljard se ontoelaatbare en bedrieglike terugbetalings-eise van prosessering verhoed.
- Die opstel van gespesialiseerde spanne wat die akkuraatheid van voorlopigebelastingbetalings geassesseer het, wat gelei het tot R 8.4 miljard se inkomste.
- Meer as 2 675 doeane-ingrypings wat gelei het tot R 1.2 miljard se inkomste.
- SARS se werk in die areas van sindikaatbelasting en doeane-misdade werf traksie, wat R 1.9 miljard se invordering tot gevolg het.
- Een bewaringsbevel, met 'n waarde van R150 miljoen, is bekom.
- Die geskatte waarde van bates onder bewaringsbevele is nagenoeg R 2.9 miljard.
- Die likwidasie en sekwestrasie van bates, tot 'n waarde van nagenoeg R 2.3 miljard, is uitgevoer.
- SARS het ook 478 onwettige handeldryfsingrypings uitgevoer, wat gelei het tot 403 terughoudings en 252 beslagleggings.

Mnr. Kieswetter het gesê: "SARS sal Volhard in die verbetering in dienslewering aan sy belastingpligtiges en handelaars deur helderheid en sekerheid te verskaf om hulle in staat te stel om hul wetlike verpligtinge na te kom, en deur die duur en moeilik te maak vir belastingpligtiges en handelaars wat met opset nienakomend bly. Die behoefte om die gebruik van tegnologie, veral die gebruik van grootdata, masjien-aanlering en algoritmes, en die gebruik van derdepartydata sal ook verder uitgebrei word." SARS is op roete om verder sy inkomsteprestering te verbeter ingevolge sy Visie 2020 - 2025 en strategiese oogmerk van vrywillige nakoming.

Doeane-waardasiebedrog, onderverklaring van aksyns, sindikaatmisdaad, insluitend onwettige aktiwiteite en ingrypings gekoppel aan aangeleenthede wat verband hou met staatskaping, sal areas van hooffokus bly.

SARS moedig belastingpligtiges aan om van die vrywillige blootleggingsprogram gebruik te maak om hul belastingsake te regulariseer. Belastingpligtiges moet egter ook vrywilliglik enige ongeruimdhede aan SARS rapporteer, aangesien die program nie meer beskikbaar sal wees indien SARS self sodanige nienakoming opspoor nie. In hierdie verband, sal SARS verdere besonderhede kommunikeer oor hoe om toegang tot die program te kry.

Mnr. Kieswetter het gesê: "Met die bogenoemde geleenthede in gedagte, en die toenemende vertroue wat belastingpligtiges en handelaars in SARS het, glo ons dat ons werk en toenemende fokus op ons mandaat se oogmerke, die behaling van inkomste-raminge, soos deur die minister oorgedra, sal verseker."

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.

# 25 year of serving a Higher Purpose, Your Tax Matters!